## DIE WEDERVARINGS VAN 'N OUD-ONDERWYSER TYDENS DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899-1902 — III

Na 'n week van rus, moes ons kommando Colenso verlaat en koers vat in 'n noordwestelike rigting om laer te trek op 'n oop ruimte, vanwaar die betreklik nabygeleë Spioenkop, 'n hooguitstaande punt op die agtergrond gevorm het. Daar aangekom, moes die perderuiters die tog in 'n noordwestelike rigting voorsit om posisie in te neem in 'n stelling aan die noordelike kant van Spioenkop. Volgens inligting was dit 'n vastrapplek van die Boeremagte wat die Bethalse kommando enkele dae vantevore onuithoudbaar warm gevind het. Ons moes daarom as afloskommando gaan diens doen.

Daar was twee rantjies met 'n opening van ongeveer honderd tree tussen hulle. Ons kommando moes in die rantjie aan die linkerkant posisies inneem. Die fonteintjie vanwaar ons ons water verkry het, was aan die voet van die regterkantse rantjie en was in sekere omstandighede nogal ongerieflik.

Binne trefafstand van grofgeskut en kleingeweervuur, het 'n Engelse mag op 'n hoë rant regteenoor genoemde rantjies, gereed gelê om 'n deurbraak te waag. Sou die vyand daarin slaag om hier deur te breek, kon hy, met oop ruimtes oor 'n lang afstand om in voort te beweeg, dit bewerkstellig om die Boeremagte te omvleuel op pad na Ladysmith. Dit is daarom verstaanbaar dat die stelling aan die Johannesburgse kommando toevertrou, 'n belangrike sleutelposisie was.

Vanaf die oomblik dat ons daar aangeland het, was dit duidelik dat die burgers van Bethal die posisie waarin hulle hul bevind het, nie oordryf het nie. Warme skermutselings met kleingeweer het dikwels voorgekom en die bestoking met grofgeskut, was geen kleinigheid nie. Wat nuwe moed en vertroue ingeboesem het, was die aanwesigheid van ons veldkanon wat met 'n kort blafknal, sy bomme oor ons koppe heen na die posisies van die vyand geslinger het.

Om ons waterkannetjies oordag aan die voet van die regterkantste rantjie te gaan volmaak, was 'n gewaagde onderneming, aangesien die opening tussen die rantjies blootgestel was aan die kleingeweervuur van die vyand. Jou litte roer so vinnig moontlik en laag koes, was die enigste uitweg en redmiddel. 'n Mens het somtyds gehuiwer om die terugreis te onderneem.

Tydens 'n staakvuur op 'n sekere dag het ek probeer om 'n stuk of ses Engelse kanonperde, wat tot voor ons posisies aangewei gekom het, buit te maak. Toe die diere verskrik weghardloop, het die Engelse onraad gemerk. Die gevolg was dat ek vir 'n paar oomblikke 'n teiken uitgemaak het waarop die vyand losgebrand het. 'n Sarsie kleingeweerkoeëls het om my heen in die grond vasgeslaan, maar 'n miershoop om agter plat te val, het darem voldoende en 'n lang genoeg skuiling verleen totdat dit weer veilig was om terug te kruip.

Na sy neerlaag by Colenso, moes sir Redvers Buller, opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, tot die ontnugtering gekom het, dat hy met sy leërmag nie in staat was om 'n oorwinning oor die Boere te behaal nie. Aan gegewe opdragte, moes egter uitvoering gegee word. Waar krygskunde ontbreek, kon skrikaanjaende getalle moontlik die agterstand uitwis; daarom maar meer versterkings aanvoer. Gevolglik kon die Britse generaal in die gevegte wat in Januarie 1900 voorgekom het, bevel voer oor 'n leër van 30,000 manskappe, gerugsteun deur 60 kanonne.

Deur middel van sy inligtingsdiens en aangevul deur inligting wat hy persoonlik vanaf 'n hooguitstaande punt met behulp van sy verkyker waargeneem het, was genl. Louis Botha haarfyn op hoogte gestel met die bedrywighede van die vyand aan die oorkant van die rivier. Bewus van die oorweldigende sterkte van sy teenstander en van die verreikende gevolge wat 'n omvleueling van sy kommando's of 'n deurbraak na die beleërde vesting vir die weerstandbiedende Boeremagte sou beteken, moes genl. Botha noodgedwonge die bevelhebber van die beleëraars van Ladysmith oorreed om aan hom nog 'n duisend van sy burgers vir kommandodiens aan die Tugela, af te staan. Gesteun deur hierdie duisend burgers, het die Boeremag aan die Tugelarivier nou 'n sterkte van 6,000 man bereik — een-vyfde die mannekrag van die vyand!

Hoe gering in getal en in grootte het die groepie grofgeskut in besit van die Boeremag nie voorgekom teenoor die talle gedrogte wat die vyand in 'n geveg kon inwerp nie! Waar genl. Botha oor sewe kanonne beskik het, het die vyand nie minder as 50 vuurmonde tot hulle beskikking gehad nie. Uitgaande van die standpunt dat sy leër, weens die sterkte daarvan, onoorwinlike afmetings bereik het, het sir Redvers Buller, teen die middel van Januarie sy leëroffisiere bevel gegee om weer eens aanvallenderwys teen die Boeremagte op te ruk. Om die rivier oor te steek het die keuse op Potgietersdrif en Trichardsdrif geval.

Klaarblyklik die sienswyse toegedaan dat die terrein wat die driwwe omsluit in baie opsigte heeltemal ondoelmatig is om in die voorgenome deurbraak te kan slaag, laat die bevelhebber van die Boeremagte die vyand toe om, onder dekking van sy kanonne, die rivier feitlik ongehinderd oor te steek om stelling in te neem in 'n vooruitgeskowe gevegslinie. Moontlik met 'n gevoel van verligting om met so 'n geringe teenstand die Tugela te kon oorsteek, sit die Engelse hul opmars voort tot in sig van die stelling waar die kommando's ander posisies betrek het. Goed bekend met die moorddadige uitwerking van mausergeweervuur, vind die generaal in bevel van die Engelse magte, 'n frontaanval té gewaag en rig hy sy aanslag gevolglik op die regter vleuel van die versperrende mag, met die waarskynlike doel om 'n omvleueling te weeg te bring.

Deur middel van sy verkyker en verkenners, het genl. Botha verskeie swakbeskermende dele in die verbindingslinies van sy vyand ontdek. Die besluit om blitsvinnig in 'n vasberade aanslag teen die blootgestelde linieverbindings op te tree, word tot groot ontsteltenis van die Engelse offisiere,

in werking gestel. Gevolglik moes hulle noodgedwonge en oorhaastig met die hele leër tot aan die rivier retireer.

In die daaropvolgende paar dae, het die stryd in die rigting van die Tabanyamaheuwels voortgewoed. Gesteun deur hul kanonne, kon die Engelse infanterie daarin slaag om die burgers na ander stellings terug te druk. Die verdediging was egter so taai en die mausergeweer en Boerekanon so doeltreffend, dat retireer weer eens die enigste redmiddel was. Talle dooies het in 'n gevorderde staat van ontbinding verspreid gelê.

As hoogste punt in die rantereeks aan die oewers van die Tugelarivier waar die heftige stryd ontbrand het, was die kruin van die alombekende Spioenkop 'n verloklike stelling om te beset. Bestryk deur skeepskanonne vanuit stellings in die hande van die vyand, was dit raadsaam om nie meer as net 'n brandwag op die kop aan te hou nie. Weens sy hoogte en steil hellings sou die aansleep van grofgeskut tot op die kop, 'n waaghalsige en moeilik-uitvoerbare krygsonderneming gewees het. Waarskynlik verklaar dit die rede waarom die bevelvoerder van die Boeremagte nie ernstige oorweging geskenk het aan 'n moontlike poging van die vyand om Spioenkop te verower nie. Dit staan egter vas dat indien die vyand in besit van Spioenkop sou kom, die besette posisies van die Boere, selfs tot verafgeleë punte, nie langer houdbaar sou gewees het nie. As borswering sou die Tugelarivier dan ook verder van al sy waarde ontdaan gewees het en sou die pad na Ladysmith vir die vyand oopgelê het. Dit was hierdie militêre waarde van die kop, gekoppel aan die feit dat van die duisende opgeofferde en verminkte lewens op Natalse grondgebied, nog geen greintjie voordeel geoes is nie, wat ongetwyfeld deurslag aan die genome besluit gegee het om Spioenkop in 'n uiterste poging te verower.

Behalwe vir 'n enkele hooguitstaande punt, wat 'n goeie uitsig oor die omgewing gee, is die kruin van Spioenkop betreklik effe gevorm met 'n klipperige oppervlak in verskillende rigtings. Met genoegsame kennis van vermelde kentekens, was dit vir die vyand geen noemenswaardige waagstuk om in die nag van 23-24 Januarie, die effevormige deel van die kop onopgemerk te bereik nie. Waar die brandwag-eenheid op Spioenkop getrou op voorposdiens was, het die geheimsinnige opdoeming van 'n Engelse troepemag in die môreskemering op die kruin, die voorposwag die skrik op die lyf geja en stilletjies laat wegkoes — so vinnig moontlik.

Van hierdie onverwagte gebeure in kennis gestel, kon die offisier in bevel van die laer aan die voet van die rantereeks, van 'n eenheid van negentig burgers gebruik maak om 'n afweermag die kop uit te stuur. Maar deeglik bewus van die erns van die toestand, gee hy ook opdrag aan 'n ander groep burgers om vanaf 'n nabygeleë koppie, binne trefafstand van 'n helling van Spioenkop sonder verwyl op te tree, ten einde die vinnige toestroming van versterkings na Spioenkop teen te gaan.

Met die opklaar van die mis oor die kruin van die kop, het die posisies van die betrokke manskappe aan mekaar bekend geword en het die stryd ontbrand. Vanuit verskillende oorde kon die kleingeweervuur en grofgeskut gehoor word. Bekendgestel met wat gaande is, het genl. Botha, vanuit

'n hoë rant die krygsverrigtinge oor die gevegsterrein heen, met sy verkyker noulettend gevolg. Sodoende was dit moontlik om die sterkte van die strydende magte vas te stel en gee hy daarom aan 'n kommando van 400 burgers bevel om vanaf aangewese posisies aanvallend op te tree. Hierdie Boeremag is later met nog 'n 100 man aangevul.

Deur 'n kameraadskaplike omgang en samewerking met sy ondergeskiktes, het genl. Botha deur 'n aktiewe deelname aan verskeie gevegte, later oor 'n buitengewone kennis beskik wat betref die opstel van kanonne in die allerbeste posisies. Onder sy persoonlike toesig weer reggestel, kon die ou beproefde sewestuks grofgeskut vanaf 'n geskikte oomblik deelneem aan die worstelstryd.

Aangemoedig deur die wete dat hulle daarin geslaag het om 'n vashou plek op 'n deel van die kop te bekom, het die Engelse genl. Warren, bygestaan deur leërafdelings onder aanvoering van genl. Woodgate en kol. Thorneycroft, met verwoede aanslae pogings aangewend om verder vorentoe te beur. Met 'n hart oorlaai met gedagtes oor persoonlike ervarings van kort gelede, moes die onwrikbare besluit by die Engelse posgevat het om, kom wat wil, die Boer in hierdie kragmeting 'n nekslag toe te dien, wat dan die pad na Ladysmith sou oopgooi, en tegelykertyd die monde van hulle wat so onvergeeflik lekker lag in oorsese lande sal snoer.

Van vroeg in die môre tot na sonsondergang van 24 Januarie 1900, het die geveg geduur. Teen die aand, onderwyl kleingeweervuur nog meer slagoffers afmaai, het die hele Engelse mag, paniekbevange in 'n oorhaastige poging om so vinnig moontlik buite bereik van die wapen van die Boer te kom, teen die helling van die kop af gevlug. Aan so 'n oorweldigende neerlaag het genl. Warren waarskynlik nooit gedink nie. Om sy leër te vrywaar van nog 'n neerlaag gee hy op 25 Januarie aan sy ondergeskikte offisiere opdrag om maatreëls te tref vir 'n onmiddellike terugtog na hul veldtuiste by Chievely en Frere.

En so bly die Boer in besit van die slagveld. Spioenkop, die posisies aan weerskante van die kop en al langs die Tugelarivier, het vir myle aaneen die gevegslinie van die Boere gevorm. As gevolg van 'n geringe getalsterkte, was die posisies oor die hele lengte van die linie, yl beset. Die moontlikheid van 'n onverwagte stormloop deur die vyand, het ons gedagtes voortdurend besig gehou. Aangesien elke posisie wat deur die burgers beset was aan so 'n bedreiging blootgestel was, kon die waaksaamheid nie vir 'n enkele oomblik verslap nie. Groot was die verligting toe ons vroeg die oggend van 25 Januarie ontdek dat die vyand oor die hele lengte van die linie, besig was om hul posisie te ontruim.

Die burgers van die Johannesburgse kommando kon, met die wete dat die gevaar om deur 'n bom of geweerkoeël getref te word ook tydelik saam met die vyand verdwyn het, nou daaraan dink om die linkerkantse rantjie vaarwel te sê. Sy opgelegde plig om 'n burgermag teen dreigende gevare te beskut, het hy getrou nagekom.

Nadat ons opgesaal het, het ons rigting gekies na die kruin van Spioenkop. 'n Wapenstilstand is toegestaan en ontwapende soldate, voorsien van draagbare, grawe en pikke, was besig om loopgrawe te vergroot ten einde dit te laat dien as 'n laaste rusplek vir gesneuwelde kamerade. Vir die begrawing van tussen 300 en 400 gesneuweldes moes voorsiening gemaak word, maar die grond op die kop het hoofsaaklik uit klip bestaan. Noodgedwonge moes daar toe van die loopgrawe wat die Boere met moeite tot 'n diepte van twee voet gegrawe het, gebruik gemaak word. Die aanskouing van so baie lyke was 'n droewige skouspel. Die gesneuweldes is in volle uniform, helmet en skoene inkluis, in lang rye langs mekaar, in die lang kronkelende graf begrawe.

Na die ontruiming van hul posisies, het die vyand vir 'n tyd lank taamlik onskadelik voorgekom en kon genl. Botha met 'n sterk patrollie, waaronder ook ons veldkornetskap, die rivier oorsteek, om vas te stel hoe uitgebreid die terugtog werklik was. Myle ver het ons die gebied van die vyand deurkruis en gefynkam om uiteindelik onverwags op 'n groepie lansiers aan die voet van 'n rantjie af te kom. Sonder 'n wag op die uitkyk, het hulle daar lomerig rondgesit. Die verrassing was tamaai groot. Soos patryse het hulle te voet en te perd, sonder en met skoene aan die voete en met die agterlating van hul lanse, in alle rigtings, uitmekaar gesaai in 'n poging om te ontsnap. Die ongelykheid van die rantjie aan ons kant en die ratsheid van hul perde, het 'n deel van die lansiers in staat gestel om te ontkom. Dié van hulle wat met lanse en al aangekeer is, was doodbang en het vir die ergste gevrees.

'n Saak wat dikwels 'n groot probleem opgelewer het sover dit die Britse troepe betref, was nl. die kwessie van rigting vind en koers hou. Ten einde hierdie probleem te oorkom, moes die aanvoerders voorsorgmaatreëls in dié verband tref. 'n Mooi voorbeeld hiervan was die volgende. Vanaf Chievely tot verby Spioenkop het die patrollie afgekom op 'n ongeveer veertig tree wye „roete", wat aan weerskante aangedui was met veelsoortige blikke van verskillende grootte, wat spesiaal vir die gebruik van die leër deur die rantereeks aangebring was. Om nie te verdwaal nie, moes 'n manskap maar net sorg om tussen die rye blikke te bly.

Vyftig burgers is op die kruin van Spioenkop gedood, terwyl 120 as gewondes van die kop afgedra is. Vergeleke met die verstrekte getal ongevalle aan Engelse kant, nl. 1,878 waarvan 322 gesneuweldes, 1,213 gewondes en 343 gevangenes was, is die 170 aan Boere kant dus betreklik gering. Tog was ons verliese groot, want getalle het nie die sterkte van Boeremag weerspieël nie. Elkeen van hierdie 170 man, was 'n onmisbare wapenbroer in die geledere van die Boeremag.

C. J. Blom.